

'N "BROEDERSKAP VAN SELFOPOFFERING EN DIENS"?
VERHOUDINGE TUSSEN DIE BURGERS OP KOMMANDO GEDURENDE
DIE ANGLO-BOEREOORLOG VAN 1899-1902

Fransjohan Pretorius

Universiteit van Pretoria

A "brotherhood of self sacrifice and service"? Interrelations on commando during the Anglo-Boer War of 1899-1902

During the Anglo-Boer War of 1899-1902 the burghers on commando were obliged to be in one another's company for more than two and a half years. Despite the traditional individuality of the burgher, a strong bond and a feeling of togetherness came into being on commando because of the war conditions. Together they cherished the same ideals of self-preservation and independence. The unit in which this collaboration occurred particularly, was the corporalship which was made up of twelve to eighteen men and which was sometimes divided into two or three sections. Within this corporalship or section the burghers often grouped themselves into twos as so-called buddies.

A willingness to share within sections or groups was to many a way of life. And yet in most cases there was an unwillingness to admit a stranger, who would draw from their resources, into the section.

Although only males between sixteen and sixty years of age were liable for military service, there were a number of boys younger than sixteen and men older than sixty on commando. Boys who were too young to handle a rifle, had to look after the livestock or the horses. The men over sixty had a tough time in the veld. The older burghers often treated the young with a self-sufficient patriarchism, while the latter usually treated the older men with respect.

Relations between the Free Staters and Transvalers on commando depended on the situation and were not experienced the same way by all burghers. Those inspired by nationalism regarded themselves from the outset as one nation. Military setbacks like the surrender of General P.A. Cronjé were, however, a blow to the good relations. After the British occupation of Pretoria in June 1900 the relationship improved, partly because of the realization amongst the 'bittereinders' that they were fighting for a common cause.

Gedurende die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 was die burgers op kommando vir meer as twee en 'n half jaar vir hul voortbestaan op mekaar aangewese. Ofskoon die burger tradisioneel 'n individu in eie reg was, het daar vanweë die oorlogsomstandighede 'n sterk groepsgevoel op kommando ontstaan. Saam het hulle dieselfde ideale van selfbehoud en onafhanklikheid nagestreef. Die eenheid waarbinne hierdie samewerking veral moontlik was, was die korporaalskap wat uit twaalf tot agtien man bestaan het en soms in twee of drie seksies verdeel was. Dáárbinne het die burgers hulself dikwels twee-twee as maats gegroepeer.

Mededeelsaamheid was binne baie seksies 'n lewenswyse. En tog was daar in waarskynlik die meeste gevalle 'n ongeneentheid om 'n vreemdeling wat hulle middele kon tap, in die seksie op te neem.

Ofskoon slegs manlikes tussen sestien en sestig jaar oud krygspligtig was, was daar 'n aantal seuns jonger as sestien en burgers ouer as sestig op kommando. Waar seuns te jonk was om gewere te hanteer, het hulle vee of perde opgepas. Burgers ouer as sestig jaar op kommando moes veel ontberings deurmaak. Hulle het hulself dikwels teenoor die jongeres as selfgenoegsame patriarge betoon. Van die kant van die jongeres is die ouer burgers meestal met respek bejeën.

Die betrekkinge tussen die Vrystaters en die Transvalers op kommando het na gelang van omstandighede gewissel. Dit is ook nie deur alle burgers op dieselfde wyse ervaar nie. Die burgers besiel met nasionalisme het hulle uit die staanspoor as deel van één volk beskou. Militêre gebeure soos die oorgawe van genl. P.A. Cronjé het die betrekkinge vertroebel. Ná die Britse inname van Pretoria in Junie 1900 het die betrekkinge egter verbeter, onder meer vanweë die besef onder die bittereinders dat hulle vir 'n gemeenskaplike saak veg.

Die groepsgevoel

Gedurende die Anglo-Boereoorlog van 1899–1902 was die burgers op kommando vir meer as twee en 'n half jaar vir hul voortbestaan op mekaar aangewese. Daar ontstaan dus belangrike vrae oor die onderlinge verhoudinge op kommando. Het daar ten spyte van die individualistiese karakter van baie Afrikaners iets soos 'n groepsgevoel ontstaan? Indien wel, watter-soort groeppvorming het die burgers hulle laat welgeval? Wat was die posisie van bejaarde burgers en ook die jong burgers op kommando en wat was hul onderlinge verhouding? En hoe het Transvalers en Vrystaters met mekaar oor die weg gekom? Die dagboeke, briewe en herinneringe van sommige van hierdie burgers en buitelanders in die Boerelaer vergemaklik die poging om dié onderlinge verhoudinge van nader te bekijk.¹

Ná die kommandering van die eerste Transvalers op 27 September 1899 en die Vrystaters vyf dae later, was die ontmoeting tussen die burgers by die versamelpunte hartlik en die gees uitstekend – “een ware verbroedering”, het C.C.J. Badenhorst van die Boshofkommando dit bestempel.² Die groot versameling burgers het op menigeen 'n diepe indruk gemaak. Nadat sowat vier duisend man by Vanwyksvlei aan die wesfront versamel het, het P.A. Venter van die Jacobsdalkommando sy indrukke per brief aan sy vrou deurgegee: “De aarde is overdek van menschdom ... ik dink als de troepe ons nu zien dan vlug hulle laat ons hulle nooit weer zien ... de mens dom wemel zoo als sprinkhanen.”³ Sels vir 'n geleerde dorpenaar soos P.R. de Villiers van Pretoria was die groot en lewendige krygskare by Zandspruit aan die Natalse grens 'n wonderlike gesig.⁴ Bekendes is met groot vreugde verwelkom. Andries de Wet van die Potchefstroomdorpkommando moes by Polfontein aan die wesfront byna 'n honderd mense groet voordat hy by sy staanplek kon uitkom.⁵

Ofskoon die burger tradisioneel 'n individu in eie reg was en veral die boer gewoon was om sy eie gang op sy plaas te gaan, het daar vanweë die oorlogsomstandighede 'n sterk groepsgevoel op kommando ontstaan. In die enger verband het dit die familie ingesluit – vader, seuns, broers, ooms en neefs – maar in wyer verband het dit ook die naaste vriende betrek wat saam met 'n burger in die krisis gedompel was. Saam het hulle dieselfde ideale van selfbehoud en ook vryheid en onafhanklikheid nagestreef en saam het hulle hul teen die vyand verdedig. Vir die burger het dit 'n gevoel van verborgenheid gebring. Oor sy ontmoeting met vier van sy neefs en talle ander bekendes en vriende aan die Modderrivier in Januarie 1900 lewer C.G.C. Rocher van die Potchefstroomkommando kommentaar: “Ik had genoeg gezelschap dus en op commando voelt men gewoonlyk en beetje geruster wanneer het gezelschap groot is. Een kluzenaers leven is hier geen ideaal.”⁶ Hendrik Verloren van Themaat het Rocher aangevul met die opmerking dat dit op kommando tog nie moontlik is dat elkeen op sy eie bly staan nie – met ander moet jy maats maak, gesamentlik vir kos sorg en mekaar in alles behulpsaam wees. Mens kan nie sonder samewerking en verdeling van arbeid nie, want dan kom jy geen oomblik uit alle moeite en ellende nie, merk hy op.⁷

Alle argivale materiaal is van die Transvaalse Argiefbewaarplek in Pretoria afkomstig, tensy anders vermeld. VAB dui die Vrystaatse Argiefbewaarplek in Bloemfontein aan, OM die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein en RGN die biblioteek van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing in Pretoria.

C.C.J. Badenhorst, *Uit den Boeren-Oorlog* (Amsterdam, 1903), p. 3. Vgl. W19, Mev. P.H.S. van Zyl-aanwins, 3, Herinneringe van J.H. Labuschagne, I, p. 3.

OM, Korrespondensie, Léer 5, P.A. Venter – Vrou, 20.11.1899.

4. A284, P.R. de Villiersversameling, 8, Herinneringe van De Villiers, p. 40.

5. A1379, A. de Wet-aanwins, A. de Wet – Vrou, 12.10.1899. Kyk A371, Prof. S.P. Engelbrechtversameling, 37, G.J. Roosegaarde – Vrou, 7.10.1899.

6. Prellerversameling, 62, Herinneringe van C.G.C. Rocher, p. 102. Vgl. M.E.R., *Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde* (2e druk, Kaapstad, 1976), p. 4.

H. Verloren van Themaat, *Twee jaren in den Boerenoorlog* (Haarlem, 1903), p. 97.

Die eenheid waarbinne hierdie samewerking veral moontlik was, was die korporaalskap. In die korporaalskap wat uit twaalf tot agtien man bestaan het en soms in twee of drie seksies verdeel was, het die burger hom tuis gevoel. In die woorde van Ben Bouwer was dit 'n broederskap waar selfopoffering en diens 'n algemene verskynsel was.⁸ Toenemend is daar wedersydse bande van agting en liefde tussen makkers gesmee, liefdesbande wat volgens Robert de Kersauson de Pennendreff, 'n Franse vrywilliger by genl. Manie Maritz in die Noordwes-Kaap, sterker as familiebande was. En wanneer een van hul makkers hul ontval het, het dit almal diep geraak.⁹

Verloren van Themaat het reeds teen April 1900 met die terugval uit die Suid-Vrystaat gehoor hoe hul korporaalskap een aand ná die godsdiensoefening teenoor hulle opgemerk het dat hy nou nie alleen familieledede of bekendes onder hom gehad het nie, maar ook mense wat hy r og nooit tevore gesien het nie, en selfs twee mense wat heeltemal uit 'n ander land kom. Hy het hulle aangemoedig om mekaar as broers te beskou, lede van één gesin, en om mekaar tog in gevaar te help.¹⁰ Met verloop van tyd het die praktyk sodanige aanmoediging as onnodig bewys. J.A. Smith onthou van die stryd in die Kaapkolonie onder genl. Wynand Malan dat hulle soos een groot gesin was, aanmekaar gesnoer en geheg deur die bande van liefde vir die saak waarvoor hulle gestry het, besiel met dieselfde gees en ideaal, een van hart en sin.¹¹ Lewenslange vriendskappe is gekweek. Jare ná die oorlog, op 21 April 1939, het daar in die Murraysburgse distrik 'n reünie van Malan se kommandomaats plaasgevind. Maats wat mekaar in die oorlog laas gesien het, het mekaar om die hals geval. Allerlei staaltjies uit die kommandolewe is in herinnering geroep. Met sy vloeiende pen het Smith opgeteken dat dit was asof 'n mens onder die vertellings weer die dreuning van die grofgeskut, die geknetter van kleingeweer, die geklap van perdehoeve of die gedruis van die stormjaag kon hoor. Hartliker en inniger kon geen ontmoeting ooit gewees het nie, het hy gemeen.¹²

Vir genl. J.B.M. Hertzog was die kameraadskap op kommando een van die suiwerste ervarings in sy lewe: die saamhurk by 'n vuurtjie, die verdeling van die bietjie kos wat daar is, die opoffering vir 'n kameraad wat gewond is of in die moeilikheid verkeer – dit is alles belewenisse wat die gedagte innig bly vashou; dit maak 'n beter, mensliker wese van jou, dit bring jou nader aan jou medemens en leer jou om selfsug en eie voordeel te vergeet in belang van diegene om jou en van die saak wat julle saam dien.¹³

Uit die staanspoor het die burgers hulle op 'n natuurlike wyse – Deneys Reitz noem dit “a kind of selective process” – in korporaalskappe georganiseer. Familie en vriende van dieselfde plase en omgewings of van dieselfde gedeeltes van die dorp het hulself spontaan op grond van gemeenskaplike belange of gelyke ontwikkeling saamgegroepeer.¹⁴ Familieverwantskap was groot. Benewens 'n netwerk van broers, neefs en ooms was 'n vader met twee of drie seuns op kommando geen uitsonderlike verskynsel nie. 'n Vader met ses seuns op kommando, of vyf, ses of selfs agt broers saam het ook voorgekom.¹⁵ Lede van dieselfde familie het dus in baie gevalle

8. O.J.O. Ferreira (ed.), *Memoirs of General Ben Bouwer* (Pretoria, 1980), p. 173.

9. J.F. Naudé, *Vechten en vluchten van Beyers en Kemp “bókant” de Wet* (Rotterdam, 1903), pp. 194 en 254; R. de Kersauson de Pennendreff, *Ek en die Vierkleur* (Johannesburg, 1960), 13.6.1901, p. 80; J.H. Meyer, *Kommando-jare* (Kaapstad, 1971), pp. 46 en 48-49.

10. H. Verloren van Themaat, p. 57.

11. J.A. Smith, *Ek rebelleer* (3 uitg., Kaapstad, 1946), p. 134.

12. J.A. Smith, “'n Hereniging van kommandomaats”, *Die Huisgenoot*, 12.5.1939, p. 43.

13. C.M. van den Heever, *Generaal J.B.M. Hertzog* (2e druk, Johannesburg, 1944), p. 119.

14. D. Reitz, *Commando* (London, 1929), pp. 21-22 en 24; R. de Kersauson de Pennendreff, 11.3.1902, p. 36; R.W. Schikkerling, *Hoe ry die Boere* (Johannesburg, 1964), p. 95; A371, Prof. S.P. Engelbrechtversameling, 37, G.J. Roosegaarde – Moeder, 22.11.1899; W154, T.A.H. Döngesversameling, 1, T.A.H. Dönges – Mev. ds. A.J. Louw, g.d. (begin Junie 1900).

15. *De Volksstem*, 6.4.1900; A850, Carolina Historiese Komiteeversameling, 7, Lêer A1/C, Dagboek van I. Stoltz, p. 6; D. Reitz, p. 24; W.H. Ackermann, *Opsaal* (Johannesburg, 1969), pp. 234 en 296.

'n groot gedeelte van 'n bepaalde korporaalskap uitgemaak.¹⁶ Aangesien kerklidmate oor die algemeen streeksgewyse saamgegroepeer was, is lidmate van dieselfde kerke ook meestal in dieselfde korporaalskappe opgeneem. Dit was waarskynlik onder lidmate van die Gereformeerde Kerk in Transvaal met sy kenmerkende eksklusiwiteit van deurslaggewende belang vir die vorming van korporaalskappe.¹⁷

Wanneer familie en vriende elders heen vertrek het, krygsgevangene geneem is of gesnuwel het, het 'n agtergeblewe burger eensaam en ellendig tussen die ander, onbekende burgers gevoel.¹⁸ Met die Transvalers se terugval-aksie pas voor die Britse inname van Pretoria in Junie 1900 het 'n eensame Roland Schikkerling van die Johannesburgdorpkommando besonder moedeloos langs die pad gesit en kyk hoe die stofbesmeerde, afgematte en moedelose burgers – almal onbekendes – verbyry. Toe hy egter twee van sy maats gewaar, was die hele wêreld onmiddellik sommer weer reg en was hy net so uitgelate soos hy oomblikke tevore neerslagtig was.¹⁹ “Broers behooren by elkander te wezen in den strijd, want zij verlangen maar naar elkander en zijn verontrust over elkander”, het J.P. Bredell van die Pretoriadorpkommando in Maart 1900 aan 'n vriendin geskryf oor die opwindende vooruitsig dat sy broer van plan was om hom na die front te volg.²⁰

Binne die korporaalskap of seksies het die burgers hulself dikwels twee-twee as maats gegroepeer. Sover moontlik was hulle dan in alle doen en late maats. Dit was die kleinste sosiale eenheid op kommando en het ooreengestem met die maatstelsel op die seilskepe van die Vereenigde Oost-Indische Compagnie in die 17de eeu, waar 'n ongeskrewe verbond van wedersydse hulp en ondersteuning tussen twee maats binne 'n groter georganiseerde groep bestaan het.²¹ Op kommando was die twee vriende slaapmaats of kombesmaats deurdat hulle dieselfde kombes gedeel het, brandwagmaats en gevegsmaats, terwyl hulle mekaar ook bygestaan of afgewissel het as slagmaats en kookmaats en om vuurmaakhout te versamel. Dit was 'n eresaak om die verbond trou na te kom. Die skeiding van twee maats as gevolg van die dood, krygsgevangenskap of ander redes het soms meegebring dat 'n burger vir hom 'n ander maat gevind het.²² “Een mensch zoek daarom maar altijd een maat”, het Bredell teen einde November 1899 van Ladysmith af aan 'n vriendin geskryf toe sy tentgenote na die suidelike front verskuif is en slegs een van hulle saam met hom agtergebly het.²³ Benewens die vaste maats het dit ook dikwels gebeur dat spesifieke omstandighede 'n burger van 'n maat voorsien het. Dit was dan slegs 'n maat vir 'n situasie en van tydelike aard, waarna die twee weer in die

16. A1361, Dinah Badenhorst-aanwins, C, J.P. Bredell – D. Badenhorst, 15 en 25.11.1899; A947, J.D.T. Krynauw-aanwins, Herinneringe van Krynauw, p. 10; J.J. Oberholster (red.), *Dagboek van Oskar Hintrager, Christiaan de Wet-Annale*, 2 (Bloemfontein, 1973), 30.7.1900, p. 95.

17. D. Reitz, pp. 158-159; R.W. Schikkerling, 22.12.1900, p. 103.

18. A1047. A.C. Schulenburg-aanwins, Herinneringe van Schulenburg, 2, pp. 3 en 14; W21, Transvaal-Museum-aanwins, 2, T.P. Venter – H.T. Venter, 17.11.1899; A1498, A.F.C. Stumpf-aanwins, Herinneringe van Stumpf, p. 50; VAB, A119, Renierversameling, No. 150, J. van Rensburg – Ouers, 19.11.1899, pp. 32 en 39; C.R. de Wet, *De strijd tusschen Boer en Brit* (Amsterdam, 1902), p. 310.

19. R.W. Schikkerling, p. 14.

20. A1361, Dinah Badenhorst-aanwins, C, J.P. Bredell – D. Badenhorst, 14.3.1900.

21. C. de Jong, *Skandinawiërs in die Tweede Anglo-Boere-Oorlog* (Pretoria, 1987), III, pp. 92 en 179n. My dank aan prof. De Jong dat hy die inligting ook op 16.7.1979 per brief aan my deurgestuur het.

22. VAB, A289, Renierversameling, No. 3, Herinneringe van G.H.J. van Vuuren, p. 11; A1048, J.G. de Jager-aanwins, *Dagboek van De Jager*, 2, 4.12.1900, p. 3; Prellerversameling, 62, Herinneringe van C.G.C. Rocher, pp. 114, 123, 128 en 131; *Ibid.*, 79, Herinneringe van vk. J.S. van der Merwe, p. 19; P.J. du Plessis, *Oomblikke van spanning* (Kaapstad, 1938), pp. 55 en 63; W.H. Ackermann, p. 255; R.W. Schikkerling, p. 235n; A.G. Oberholster (red.), *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers* (Pretoria, 1978), 12-16.7.1901, pp. 260-263, 12.11.1901, p. 314, en 16.12.1901, p. 325; A.P. Obermeijer, *Met het Boksborg kommando* (Pretoria, 1905), p. 10.

23. A1361, Dinah Badenhorst-aanwins, C, J.P. Bredell – D. Badenhorst, 25.11.1899.

groter groep opgegaan het.²⁴

Verloren van Themaat het sy waardering vir die burger as maat uitgespreek. Welke uitstekende maat is hy nie, skryf hy; hoe bereid is hy steeds om te help, hoe weet hy om moeilikhede te oorkom; nooit is hy mismoedig of bedruk nie; hy berus in die onvermydelike; hy maak die beste van die oomblik, is altyd opgeruimd en vol grappe; wanneer daar gehandel moet word, besit hy 'n kalme deurtastendheid en 'n praktiese blik op sake. Dit gee vertroue en maak hom werklik 'n plesier om mee saam te trek.²⁵

Die maatstelsel onder die matrose van die Vereenigde Oost-Indische Compagnie in die 17de eeu het soms 'n dekmantel vir homoseksuele verhoudinge gebied.²⁶ Die verskynsel dat maats tydens die Anglo-Boereoorlog onder dieselfde kombes geslaap het, laat dus die vraag ontstaan of daar ook op kommando homoseksuele verhoudinge was. Die navorsers stuit egter voor die konserwatiewe kultuurbeskouing van die deursnee burger wat hom geïnhibeer het om enige waarnemings in hierdie verband op skrif te stel of selfs waar te neem. Geen verwysing na homoseksualisme op kommando kon trouens in enige dagboek, brief of herinneringskrif opgespoor word nie. Daar kon ook nie in die notuleboeke van die NG Kerk van Transvaal tussen 1897 en 1904 enige gevalle van homoseksualisme gevind word nie, terwyl daar in dieselfde tyd wel ontgagsake tussen mans en vroue voor kerkrade gedien het. Dit beteken egter nie dat homoseksualisme nie voorgekom het nie. Die saamslaap onder dieselfde kombes het sekerlik die geleentheid daartoe geskep, 'n geleentheid wat homoseksueles nie onbenut sou gelaat het nie. Maar ons volstaan met die opmerking dat geen bewyse daarvoor gevind kon word nie.

Mededeelsaamheid was binne baie seksies of groepe 'n lewenswyse, selfs in die latere guerrillafase toe alles besonder skaars was. Het dit iemand geluk om iets uit die karige voorrade van die kommissariaat te kry, het hy dit dikwels sonder sielewroeging met sy maats gedeel. Ná 'n aanval op 'n Britse kamp by Wilmansrust in Oos-Transvaal in Junie 1901 het Schikkerling en sy seksie, tesame met enkele ander goeie vriende wat nie die ekspedisie meegemaak het nie, 'n fees gehou. Allerlei weelde-artikels soos suiker, konfyt, regte koffie, brood, botter, kakao, sardiens en sout is voorgesit. Huile glo dat 'n man dit aan homself verskuldig is om eerstens aan sy vriende aandag te skenk, en dan aan sy eie plesier, het Schikkerling dit uitgedruk en bygevoeg dat hierdie tye hulle geleer het om mededeelsaamheid tot lewensfilosofie te verhef; wat die hemele hulle bo en behalwe hul karigste behoeftes skenk, het hulle as trustgoed beskou wat hulle ten bate van hul mede-broers in die verdrukking moet aanwend.²⁷

Hoewel traag, was 'n groepie vriende soms bereid om 'n vreemdeling wat gebrek ly van die nodige te voorsien. Tydens genl. De Wet se eerste invalspoging in die Kaapkolonie in Desember 1900 het Verloren van Themaat dit weer soos tevore ervaar. Hy was op 'n dag baie honger en het by 'n onbekende groep burgers kos gevra. Aanvanklik was hul verskoning dat hulle niks vir hom het om mee te eet nie, dog toe hy sy eie lepel tevoorskyn bring, is hy aangese om eers te wag tot hulle klaar is. Toe hy toegelaat word om op die kospot toe te sak, was hy dankbaar dat sy groot lepel hom 'n voorsprong bo ander verskaf het. Hy het die groep hul aanvanklike trae houding vergewe, teken hy aan, aangesien iemand wat in hierdie moeilike tye iets aanbied,

24. Prellerversameling, 226, H.J. van Wyk – Standertonner, 29.6.1936, p. 29; H. Verloren van Themaat, p. 71; J.F. van Wyk, *Die mauser knal* (Johannesburg, 1971), p. 192; D. Reitz, p. 216; O.J.O. Ferreira, p. 63.

25. H. Verloren van Themaat, p. 44.

26. C.A. Davids, *Wat lijdt den zeeman al verdriet* (Den Haag, 1980), p. 27. My dank aan prof. C. de Jong vir hierdie verwysing.

27. R.W. Schikkerling, 13.6.1901, pp. 221-222. Vgl. bv. A.G. Oberholster, 9.11.1899, p. 23; A1361, Dinah Badenhorst-aanwins, C.J.P. Bredell – D. Badenhorst, 9.12.1899; A1027, Kmdt. C.J. Muller-aanwins, *Dagboek van Muller*, 3, 28.1.1900, p. 7.

homself van die nodige ontsê..²⁸ “Men maakt vele vrienden in het lager wanneer men gelukkig bezitter is van een of ander benodigheid die door de meesten gemist wordt”, merk Jan Celliers in Wes-Transvaal in Oktober 1900 droogweg op.²⁹

En tog was daar in waarskynlik die meeste gevalle 'n ongeneentheid om 'n vreesdeling wat hulle middele kon tap in die seksie op te neem.³⁰ Dit is treurig dat daar tog so weinig ware kameraadskap, so weinig hulpvaardigheid, onder die burgers is, teken Celliers in Februarie 1901 teleurgesteld aan. Hy het egter begrip daarvoor, voeg hy by, want die kommandolewe – waar daar gebrek aan alles is en waar elkeen maar heelwat vir homself moet sorg as hy nie honger of naak wil wees nie – kweek selfsug, terwyl mededeelsaamheid eie-gebrek ten gevolg sou hê.³¹ Teen die einde van die oorlog het hy dan ook self steelsgewyse die laer binnegesluit met voedsel wat hy êrens bekom het om dit sorgvuldig te verberg.³²

Sommige buitelandse vrywilligers en waarnemers wat die kommandolewe meegemaak het, het gevind dat die burgers opvallend beleef teenoor mekaar is – dat hulle nie wil kwets of aanstoot gee nie en dat daar geen of weinig luide woordewisselings onder mekaar is.³³ Nogtans het twis met tye tussen burgers voorgekom. Soos artilleris P.S. Lombard dit gestel het, het onenigheid, “die ou kwaal van die Afrikaner”, buite Mafeking ook maar onder die burgers geheers.³⁴ Oor die ampse vuisgeveg in September 1900 naby Nelspruit met 'n ander burger wat sy emmer geneem het, merk I.D. van Heerden later filosofies op dat dit maar so in sulke tye gaan; mens is kortgebonde en dit neem nie veel om jou op jou perdjie te laat spring nie.³⁵ Gespanne betrekkinge tussen burgers wat mekaar nie kon verdra nie is soms tot die uiterste beproef, soos die insident toe vk. Nicolaas Prinsloo van Pretoria en 'n burger genaamd Niemand met mooppraat uitmekaar gehou moes word nadat Prinsloo opmerkings oor Niemand se papmaak-vermoë en sy blas vel gemaak het.³⁶

Wanneer twee maats baklei en die verhouding daarop verbreek het, het die emosies hoog geloop en was die teleurstelling groot. Toe Hans Hattingh en ene Lang Hendrik van die Heidelbergdorpkommando mekaar in September 1901 van pligsversuim in die vriendskap beskuldig, het Hattingh aan sy maat gesê: “Geef my deel zout”, wat volgens Marthinus Viljoen 'n teken van skeiding was.³⁷ Vk. T.A.H. Dönges van dieselfde kommando het in Augustus 1901 gesorg dat 'n burger mielies kry waarop hy geregtig was. Dönges se maat was egter van mening dat hy meer van die ander burger as van hom notisie geneem het, waarop hy sy saal en ander besittings van Dönges se bondeltjie verwyder en sy bed 'n ent daarvandaan opgemaak het. “Ik vraag hem”, teken Dönges in sy dagboek aan, “of zijn vriendschap zoo weinig beteekent dat waar hij een verschil met mij heeft, nadat wij zoowat 6 maanden of meer onder hetzelfde kombaars hebben geslapen, hij niet de mannelijkheid heeft rondborstig met mij over de zaak te komen spreken ... [Ik zei tegen hem] dat het goed is, dat zijne ontrouwheid aan mij niet oopen gevaarlijker oogeblik aan den dag werd gelegd ... Hoe pijnlijk zijn zulke ondervindingen! Waar ik gemeend had recht te doen, verlaat en behandelt mijn vriend mij op

28. H. Verloren van Themaat, p. 231.

29. A.G. Oberholster, 4.10.1900, p. 143.

30. Vgl. Ibid., 15.9.1900, p. 133; R. de Kersauson de Pennendreff, p. 9; P. Pienaar, *With Steyn and De Wet* (London, 1902), p. 104 en J.N. Brink, *Oorlog en ballingskap* (Kaapstad, 1904), p. 10.

31. A.G. Oberholster, 12.2.1901, pp. 209-210.

32. Ibid., 27.5.1902, pp. 379-380.

33. J.J. Oberholster, 28.6.1900, p. 49; F. Rompel, *Heroes of the Boer War* (London, 1903), p. 18; *De Volksstem*, 30.1.1900.

34. P.S. Lombard, *Uit die dagboek van 'n Wildeboer* (Johannesburg, g.d.), p. 28.

35. A749, I.D. van Heerden-aanwins, Herinneringe van Van Heerden, p. 25.

36. RGN, Herinneringe van J.P. Bredell, p. 156(b). Vgl. KG, 910, Beëdigde verklaring van J.C. Beneke, Kimberley, 14.11.1899, pp. 30-31; A672, F.A. Steytler-aanwins, Herinneringe van J.J. le R. Erasmus, p. 3; W81, Viljoen-aanwins, 3, M.J. Viljoen, Dagboek no. 2, 9.1.1900.

37. W81, Viljoen-aanwins, 3, M.J. Viljoen, Dagboek no. 7, 5.9.1901.

deze wijze.”³⁸

En tog is die onenigheid en twis dikwels bygelê wanneer gevaar gedreig het. In die ure van gevaar was hulle één, verklaar Cornelis Plokhooy. Dit was die erns van die oomblik, glo hy. Sou hulle oor ’n uur in staat wees om mekaar die broederhand te gee, en wíe sou hulle kon verseker dat dit nie te laat sou wees nie? was vrae wat hy hom tydens die Britse bombardement te Elandslaagte op 21 Oktober 1899 afgevra het.³⁹ Dit het ook vir J. de Graaf opgeval hoe gemeenskaplike gevaar op kommando egte vriendskap en ’n innige aanhanklikheid gekweek het.⁴⁰

Die verhouding tussen korporaalskappe was oor die algemeen goed, en besoeke by mekaar se laervure was geen ongewone verskynsel nie.⁴¹ Ook die burgers van verskillende kommando’s was meestal op goeie voet met mekaar en die een het die ander tydens wedersydse besoeke op gasvrye wyse onthaal.⁴² Aan die Natalse front het burgers van die kommando’s Zoutpansberg, Swaziland en Boksburg gereeld oor en weer gekuier en dikwels gesamentlike ekspedisies oor die Tugelarivier van stapel gestuur om die Britse verkenner die skrik op die lyf te jaag of van hul vee te buit.⁴³

Ofskoon ’n Duitse vrywilliger in Augustus 1900 opgemerk het dat die Boere geen uiting aan hul gevoelens gegee en begeesterd geraak het nie as twee kommando’s ontmoet het,⁴⁴ was die ontmoeting van en weersien tussen twee kommando’s oor die algemeen hartlik. Met die vereniging van die kommando’s onder genls. Piet Cronjé en Koos de la Rey einde November 1899 aan die wesfront ná vyf weke van skeiding, het drie hartlike hoera’s weerklink, terwyl hoede hoog die lug in gegooi is. Ou vriende het mekaar omhels en gretig na mekaar se welstand verneem.⁴⁵ Toe genl. Jan Smuts en sy kommando die kommando van kmdt. S.W. Pypers in Oktober 1901 in die Oos-Kaap raakloop, was die vreugde eweneens groot en is daar feesgevier tot die volle mate van hul uiters karige voorrade dit toegelaat het.⁴⁶

Afskeid van een kommando van ’n ander is dikwels met groot erns en piëteit geneem. ’n Gepaste woord deur die offisiere en deur ’n moontlik aanwesige predikant is gevolg deur die sing van ’n gewyde lied en ’n gebed waarin die vertrekkendes aan die Almagtige God opgedra is. “Het was zeer aandoenlyk afscheid te nemen van onze makers en familien. Een ieder drukte de hand zwygend, daar de hart te oorstelp was met tranen, en het beletten te spreken”, het F.J.W.J. Hattingh in November 1899 in sy dagboek aangeteken toe die Kroonstadkommando aan die wesfront van die hooflaer afskeid geneem het om na die stellings aan die Modderrivier te gaan.⁴⁷ Aan die suidelike front het Celliers in Desember 1899 opgeteken dat só ’n afskeid op kommando, wanneer gebruiende patriotte en helde die hoede afneem en met geslote oë biddend hul gesang ten hemel opsend, hom aangryp: “De tranen springen mij uit de oogen, ik gevoel op zulk een oogenblik alsof ik met hen den dood zou durven tegemoet vliegen!” het hy verklaar.⁴⁸

38. W154, T.A.H. Döngesversameling, 2, Dagboek van Dönges, 23.8.1901.

39. C. Plokhooy, *Met den Mauser* (2e uitg., Gorinchem, 1902), pp. 17-18. Vgl. H. Verloren van Themaat, p. 235.

40. A1152. J. de Graaf-aanwins, Dagboek van De Graaf, p. 45.

41. Vgl. bv. C. de Jong, *Skandinawiërs in die Tweede Anglo-Boere-Oorlog*, III, p. 103.

42. A1449, Dr. J. Oosthuizen-aanwins, 2, Dagboek van genl. F.J.W.J. Hattingh, 24.10.1899, p. 3; A.P. Smit & L. Maré (reds), *Die beleg van Mafeking* (Pretoria, 1985), 5.10.1899, p. 32.

43. Prellerversameling, 80, Herinneringe van L.E. Krause, p. 556.

44. J.J. Oberholster, 9.8.1900, p. 108.

45. J.H. Meyer, p. 42.

46. O.J.O. Ferreira, p. 195.

47. A1449, Dr. J. Oosthuizen-aanwins, 2, Dagboek van genl. F.J.W.J. Hattingh, 17.11.1899, p. 5.

48. A.G. Oberholster, 6.12.1899, p. 41. Vgl. 13.11.1899, p. 25 en 2.12.1899, p. 39.

Ouer en jonger burgers

Volgens die *Staatsalmanak* van die ZAR vir 1899 het die getal dienspligtige burgers in die Republiek 29 279 man bedra, waarvan 15 696 (d.w.s. 53,6%) tussen die ouderdomme agtien en 34 jaar was, 9 050 (30,9%) tussen 34 en vyftig jaar en 4 533 (15,5%) tussen sestien en agtien en tussen vyftig en sestig jaar. Ofskoon die syfers op 1898 slaan en die sterkte van die Transvaalse magte volgens J.H. Breytenbach teen Oktober 1899 32 353 was,⁴⁹ is dit voldoende bewys dat verreweg die meeste burgers op kommando aan die begin van die oorlog uit die ouderdomsgroep agtien tot 34 jaar afkomstig was en dat diegene tussen sestien en agtien en tussen vyftig en sestig jaar die kleinste groepe uitgemaak het. Namate die oorlog voortgeduur het, het baie van die ouer burgers die wapen neergelê en het jonger manne by die kommando's aangesluit. Maar wat was die posisie van die jonger manne en die ouer burgers op kommando? Wat was voorts die verhouding tussen die jonger en die ouer burgers?

Seuns en jongmans tot twintig jaar oud is op kommando penkoppe genoem, na aanleiding van dieselfde benaming vir 'n bulkalf wat pas horings begin kry.⁵⁰ Reeds in die stellingkryg-fase was daar penkoppe jonger as sestien jaar op kommando. Die jeugdigheid van hierdie seuns in alle laers het Howard C. Hillegas, korrespondent van *The New York Herald*, in die stellingkryg-fase opgeval. 'n Seun van elf in die Standertonkommando buite Ladysmith het sy bewondering afgedwing; hy het sy vader oral gevolg, of dit nou was na die stellings vir 'n geveg of na die fontein vir water, en het sy teenwoordigheid op kommando regverdig met die opmerking dat as sy vader gewond raak of sneuwel, hy sy wapen sal oorneem. Van die ander penkoppe wat Hillegas teëgekome het, kan die name genoem word van Pieter J. Henning van die Potchefstroomkommando wat by Magersfontein gewond is (jonger as vyftien jaar), Teunis H.C. Mulder van die Pretoriakommando wat sy sestiende verjaardag gevier het 'n paar dae voordat hy op 9 November 1899 tweemaal by Ladysmith gewond is, Willem F. Joubert, 'n familielid van genl. Piet Joubert wat as vyftienjarige op 30 Oktober 1899 by Modderspruit gewond is, en die vyftienjarige Pieter de Jager van die Bethlehemkommando wat vroeg in Februarie 1900 in die geveg by Koedoesrand deur 'n bomskerf ernstig gewond is terwyl hy sy gewonde vader van die slagveld verwyder het.⁵¹ Ook die Russiese ambulanssuster, Sophia Izedinova, het in Mei 1900 by Veertienstrome in Wes-Transvaal persoonlik seuns van twaalf jaar teëgekome wat hul vaders na die front gevolg het.⁵²

In die guerrillafase het die getal penkoppe op kommando jonger as sestien jaar aansienlik toegeneem. Dit was veral nadat die meeste kommando's in hul eie distrikte gaan opereer het en jong seuns die geleentheid benut het om by die kommando's aan te sluit waar hulle vaders of ouer broers teenwoordig was.⁵³ Op 2 November 1901 het pres. M.T. Steyn 'n proklamasie in die Vrystaat uitgevaardig waarvolgens seuns van veertien jaar oud opgekommandeer kon word, mits hul liggaamsbou en gesondheid dit toegelaat het.⁵⁴ Dit was 'n poging om die getal weerbares op kommando aan te vul, maar dit het veral 'n heenkome gebied aan talle jong seuns wat haweloos met hul moeders en susters in die veld rondgeswerf het nadat die vyand hul huise verwoes het en hulle nou gevaar geloop het om van hul moeders weggeneem te word en

49. J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika* (Pretoria, 1969), I, p. 35.

50. F.W. Reitz, *Outobiografie* (Kaapstad, 1978), p. 47; V. Pohl, *Adventures of a Boer family* (London, n.d.), p. 26; I.J.C. de Wet, *Met genl. De Wet op kommando* (Johannesburg, 1954), pp. 23 en 29; E.J. Weeber, *Op die Transvaalse front* (Kaapstad, 1942), p. 82.

51. H.C. Hillegas, *With the Boer forces* (4th ed., London, 1900), pp. 63-64.

52. S. Izedinova, *A few months with the Boers* (Johannesburg, 1977), p. 180. Vgl. A873, Mej. M. Haarhoff-aanwins, B. Collins – S. Haarhoff, 29.12.1899.

53. Vgl. bv. W.H. Ackermann, pp. 39-40.

54. J.D. Kestell, *Met de Boeren-commando's* (Amsterdam, 1903), p. 175.

na oorsese krygsgevangekampe gestuur te word.⁵⁵ Die beperking op veertien jaar het nie verhoed nie dat daar volgens genl. De Wet selfs seuns van tien jaar en nog jonger was wat uit vrees vir die krygsgevangekampe by die kommando's aangesluit het. Met De Wet se kruising van die blokhuislinie wes van Lindley middel Februarie 1902 het daar 'n seun van tien gesneuwel en is 'n ander een van elf swaar gewond.⁵⁶ In 1956, toe die minister van finansies, mnr. E.H. Louw, 'n minimum-ouderdom van twaalf jaar vir oudstryderspensioen uit die Anglo-Boereoorlog vasgestel het, het Evert Dommissie, voorsitter van die Bond van Oudstryders, verklaar dat seuns van onder twaalf indertyd aan gevegte deelgeneem het, "alhoewel nie baie nie." Hy beweer ook dat daar selfs enkele agtjariges op kommando was. Ofskoon daar diegene was wat skepties hieroor gestaan het, het hy heelwat steun vir sy bewering verkry.⁵⁷

Ag- of tienjariges kon uiteraard nie die swaar gewere van sowat 4 kg hanteer om in geveg te gaan nie. Hulle is dus maar ingespan om die slag- en trekvee of die perde op te pas.⁵⁸ Daar was egter wel ouer seuns wat in staat was om 'n geweer te hanteer. Kmdt. P.D. Potgieter het vertel dat hy ses seuns tussen twaalf en veertien jaar by hom op kommando gehad het vir wie hy geleer het om 'n geweer in 'n geveg te gebruik. Met hul geesdrif om hom op 'n militêre ekspedisie te vergesel, het daar niks geskort nie.⁵⁹

Uit die staanspoor het die penkoppe gou maats gemaak. Izak Meyer vertel hoe hy as 'n seun van sewentien die dag van sy aankoms in Cronjé se laer by Polfontein op 11 Oktober 1899 kennis gemaak het met 'n hele aantal seuns van sy eie portuur: "Al gou was ons 'n kring van by die vyftien jong snuivers wat soos wafferse grootmense oor die komende stryd gesels het. Vir ons, jeugdig, onervare, onkundig, was die grootste avontuur van ons lewe ophande. Ons kon die oomblik van aksie nie afwag nie."⁶⁰ J.F. van Wyk wat in Januarie 1901 as vyftienjarige by die Wolmaransstadkommando aangesluit het, het spoedig saam met die ander seuns agtergekom dat die grootmense hulle "gruwelik misbruik" deur allerlei take aan hulle op te dra. Hulle het hul gevolglik maar taamlik eenkant gehou en sodoende gou boesemvriende geword.⁶¹ Volgens J.A. Smith het meer as die helfte van Wynand Malan se kommando in die Oos-Kaap uit minderjarige manne bestaan. Onder hulle was Piet van der Merwe op negentien jaar waarskynlik die jongste kommandant en Willie van der Merwe op sewentien die jongste veldkornet in die Boeremagte.⁶²

Die kommandolewe het vir die penkoppe veel bekoring ingehou. Boy Potgieter wat ná die slag van Bergendal in Augustus 1900 as veertienjarige by die Bethalkommando aangesluit het, onthou dat die klompie penkoppe die lewe op kommando baie geniet het, al was dit swaar. Hulle het somtyds te veel gewaag omdat elkeen tog te graag "naam wou maak."⁶³ Moontlik met 'n bietjie agterna-bravade het Cor Taljard wat hom teen Junie 1900 as veertienjarige by die kommando van Bethal gevoeg het, vertel dat die kommandolewe wat so vol ontberings en gevare was, al hoe lekkerder geword het, veral as hul kommando snags deur die blokhuislinies

55. C.R. de Wet, pp. 354 en 356; Prellerversameling, 73, Herinneringe van B.W.J. Badenhorst, pp. 38-39; W.H. Ackermann, p. 332.

56. C.R. de Wet, pp. 354-355.

57. A1070, Argief van die Bond van Oudstryders, 1, Aantekening van E. Dommissie by knipsel, *Die Vaderland*, 16.8.1956; *Ibid.*, *Die Vaderland*, 31.8.1955, 31.5.1956 en 22.6.1956; VAB, A119, Renierversameling, No. 229B, Brief, Sen. Seef van Rensburg, 31.5.1950.

58. A194, J.H. Breytenbach-aanwins, Beëdigde verklaring van C.V. Breytenbach, p. 1; W.H. Ackermann, p. 40.

59. VAB, A119, Renierversameling, No. 608, Brief, P.D. Potgieter, 22.12.1954.

60. J.H. Meyer, p. 23.

61. J.F. van Wyk, p. 48.

62. J.A. Smith, *Ek rebelleer*, pp. 51 en 38; J.A. Smith, "n Hereniging van kommandomaats", *Die Huisgenoot*, 12.5.1939, p. 43.

63. W.H. Ackermann, p. 271.

kon breek en dan weer 'n slag met die vyand slaags geraak het.⁶⁴

Die bravade was ook nie te veel aangedik nie, soos blyk uit Dietlof van Warmelo se waarneming van die posisie en gedrag van die penkoppe: "Er waren ook onder ons dapperkleine jongens, die, ontnuchterd en ontgroend, vroegtijdig in de moeielijkheden van het leven ingewijd werden, doch tintelend van energie in de ontberingen van het commando-leven met een onbezorgd, avontuurlijk behagen deelden."⁶⁵

Die groot getal bejaarde burgers op kommando, sommige selfs ouer as sestig, het Hillegas opgeval – grysaards wat met net soveel bereidwilligheid op verkenning gegaan het as manne tweemaal jonger as hulself. Daar was talle wat as oupa's kon spog, en in bykans elke laer kon daar vaders, seuns en kleunseuns aangetref word, "all fighting with equal vigour and enthusiasm." Ofskoon genl. Joubert bykans sewentig jaar oud was (hy is op 20 Januarie 1831 gebore en was dus met die uitbreek van die oorlog 68), was daar volgens Hillegas talle grysaards ouer as hy wat in één geveg meer energie ten toon gestel het as wat hy gedurende die hele Natalse veldtog gedoen het. Voorts noem Hillegas die name van Jan van der Westhuizen van die Middelburgkommando, nog op 82 aktief en geesdriftig en trots op sy vier kleunseuns wat saam met hom op kommando was; daar was Piet Kruger, 'n familielid van die President, wat op 79 aktief deelgeneem het aan elke veldslag waarby die Rustenburgkommando in Natal betrokke was en wat 'n tent met vier van sy seuns gedeel het en tien kleunseuns op kommando gehad het; en Jan C. van Tonder van Boshof, 68, wat tydens die slag van Magersfontein ernstig gewond is. Die talle spoorwegbrûe in die Republieke en aan die front is in baie gevalle deur burgers ouer as sestig bewaak ten einde jonger burgers vir kommandodiens beskikbaar te stel, terwyl van die ouer burgers om dieselfde rede by die krygskommissariate behulpsaam was.⁶⁶

Dietlof van Warmelo het sy waardering uitgespreek vir die bejaarde burgers wat in die guerrillafase nog saam met hom op kommando was, manne wie se kragtige gestel nog nie gebroke was nie: "Het was wel in hen te waardeeren, dat zij, op hun ouden dag, de gevaren en moeielijkheden van een rondzwervend leven nog durfden trotseeren voor land en volk; want, ofschoon voorzien van een krachtig gestel, werden zij niet, als wij, gehard tegen koude en natigheid, maar elke schok, die hen trof, bracht een kneus in het oude lichaam."⁶⁷ J. Marais van die Heilbronkommando onthou hoe pateties dit was om die ou grysaards die nagtelike avonture van die guerrillafase te sien deurmaak. Hy het hom twee ou mans van omtrent tagtig jaar herinner, Oom Jan en Oom Abraham, met vier seuns van Oom Jan, altyd in dieselfde formasie op trek in 'n poging om deur die blokhuislinie te breek: Danie voor, Oom Jan se perd se kop teen sy perd se boud, Oom Abraham op die hakke van Oom Jan se perd, Andries en Wybrand weerskante, en Pieter in die agterhoede; albei die ou mans het komberse aangehad, aangesien daar nie meer jasse was nie.⁶⁸

Ouer burgers is deur die jongeres as "Oom" aangespreek, en die jongeres is deur die ouer burgers "Neef" genoem.⁶⁹ Presies waar die skeidslyn in hierdie aanspreekvorm gelê het, is nie duidelik nie, want van die Boere-offisiere wat nog maar in hul twintigerjare of vlak dertigerjare was, is deur jonk én oud as "Oom" aangespreek, bv. Oom Manie Maritz, wat in Julie 1901 slegs sy vyf en twintigste verjaarsdag herdenk het, en Oom Jannie Smuts, wat 'n week voor die vredesluiting 32 geword het.⁷⁰

64. Ibid., p. 226.

65. D.S. van Warmelo, *Mijn commando en guerilla commando-leven* (Amsterdam, 1901), p. 153.

66. H.C. Hillegas, pp. 66-68.

67. D.S. van Warmelo, p. 153. Vgl. A.G. Oberholster, 30.5.1901, p. 249.

68. W19, Mev. P.H.S. van Zyl-aanwins, 3, Herinneringe van J. Marais, p. 3.

69. J.J. Oberholster, 26.8.1900, p. 129.

70. A1070, Argief van die Bond van Oudstryders, 1, Knipsels, *Die Transvaler*, 21.2.1944; O.J.O. Ferreira, p. 178.

Die ouer burgers het hulself dikwels teenoor die jongeres as selfgenoegsame patriarge betoon, en hulle kon terdeë van hul "oomskap" misbruik maak.⁷¹ In Julie 1901 het 'n nugtere Jan Celliers die verhouding met die ouer, patriargale burger só opgesom: "Er is een leeftijd – gewoonlijk aanvangende met de tweede kindsheid – die geen tegenspraak verdraagt. De verstandige weg is zulke geesten te beschouwen als staande buiten den kring van gezonde redeneering, hun zooveel mogelijk hun zin te geven en alleen te zorgen dat zij in de toepassing hunner denkbeelden geen schade toebrengen aan een gezonden gang van zaken."⁷² Hierdie uitspraak het gevolg drie dae nadat hy vir die soveelste keer met 'n sekere bejaarde burger 'n ernstige meningsverskil oor die teologie gehad het en die ou man wat dit maar nie kon verwerk nie dat 'n jongman van hom durf bly verskil, vir Celliers met klappe gedreig het. Celliers se weerwoord was dat twee aan so 'n klappery kon deelneem. Eindelik het hulle op inisiatief van Celliers die saak geskik.⁷³

Van die kant van die jongeres is die ouer burgers meestal met respek bejeën. As vyftienjarige penkop op kommando het J.F. van Wyk steeds die goue reël nagekom dat al het hy as jongman gelyk, hy steeds die minste sal wees en die ouer burger in 'n verskil van mening gelyk sal gee.⁷⁴ Dit was ook 'n algemene verskynsel dat volwasse burgers nie voor hul vaders gerook het nie, al het laasgenoemde gewet dat hul seuns rook. Sy pypie tabak moes die seun dan maar eenkant of "skelm" gaan rook.⁷⁵ Die vaderlike gesag is soms kwaai getoets. P.W. Robinson wat in Julie 1900 saam met die burgers onder Marthinus Prinsloo in die Brandwaterkom vasgekeer was, vertel hy het sterk oorweeg om te ontsnap, maar hy was bang dat sy vader hom sal keer, aangesien dié nog volle beheer oor hom as vier en twintigjarige jongman gehad het. Sy drang om te ontsnap was egter groter, en om 'n vaderlike berisping vry te spring, het hy hom maar nie toe hy weggliip, gaan groet nie.⁷⁶

Die gesag wat die patriarg uitgeoefen het, het ook voordele vir die Boeresak ingehou. Dit het veral gesorg dat die jonger burgers aan dissipline onderwerp word. Verloren van Themaat maak juis van die teenwoordigheid van 'n bejaarde burger in sy korporaalskap, ene Oom Koe-raad, gewag – 'n hartstogtelike vaderlander wat met sy aartsvaderlike gesag verhoed het dat die jongeres oor verlof of nuwe klere geneul het.⁷⁷

Respek vir ouer burgers was daar egter nie altyd nie. Dit blyk uit 'n opmerking in *Die Spook*, kommandobladjie van C.F.L. Rademeyer van die Middelburgkommando, in Mei 1901 dat sommige van die jonges gerus weer ná die oorlog na 'n tugskool kan gaan om te leer om grys hare te respekteer.⁷⁸

Transvalers en Vrystaters

Wanneer die betrekkinge tussen die Vrystaters en die Transvalers op kommando nagegaan word, moet daar in gedagte gehou word dat dit na gelang van omstandighede gewissel het. Dit is ook nie deur alle burgers op dieselfde wyse ervaar is nie. Die burgers besiel met nasionalisme het hulle in die lig van die politieke verbond van 1897 tussen die Oranje-Vrystaat en die ZAR uit die staanspoor as deel van één volk beskou. Met pres. Steyn se besoek aan die

71. A374, Dr. O. Muller-aanwins, Dagboek van H. de Munnik, 21.11.1899, p. 97; J.F. van Wyk, p. 164.

72. A.G. Oberholster, 27.7.1901, p. 266.

73. Ibid., 24.7.1901, p. 265. Kyk ook A284, P.R. de Villiersversameling, 8, pp. 57-58.

74. J.F. van Wyk, pp. 188-189.

75. A374, Dr. O. Muller-aanwins, Dagboek van H. de Munnik, 21.11.1899, p. 97.

76. W19, Mev. P.H.S. van Zyl-aanwins, 3, Herinneringe van P.W. Robinson, II, pp. 3 en 4. Vgl. Landdrosstukke, Zoutpansberg, 30, Landdros van Zoutpansberg – P. Alberts, 20.12.1899, p. 959 en antwoord, 22.12.1899, p. 996.

77. H. Verloren van Themaat, pp. 57-58.

78. A1321, J.H. Breytenbach-aanwins, 1, *Die Spook*, 18.5.1901.

Natalse front einde Januarie 1900 het hy in 'n toespraak by die hooflaer van die Transvalers buite Ladysmith gesê dat hul stryd nie die saak van Transvaler en Vrystater was nie, maar van alle Afrikaners; mens moes nie meer praat van wat Transvaler of Vrystater gedoen het nie noudat Vrystaatse en Transvaalse bloed as van één volk op soveel plekke saamgeyloei het.⁷⁹ In Junie 1900 het R.D. McDonald van Winburg aan 'n krygsgevangene Britse kolonel verduidelik dat die Vrystaters en Transvalers in wese één volk was. Die Vaalrivier het die twee Republieke geskei, maar wat bande van bloed betref, nie die mense nie.⁸⁰ As Transvaler en korrespondent van *De Volksstem* het Frederik Rompel toegegee dat die Vrystaters meer kosmopolities in samestelling was, maar hy was van oordeel dat dit nie 'n genoegsame onderskeid aangedui het om 'n afsonderlike karakterskets te regverdig nie; hulle het in die oorlog vir dieselfde regverdige saak gestry en albei het hulself as verteenwoordigers van die jong Afrikanervolk beskou.⁸¹

Die hartlike kontak tussen sommige Vrystaatse en Transvaalse kommando's aan die fronte aan die begin getuig van die goeie verhouding wat daar uit die staanspoor tussen talle burgers van die twee Republieke bestaan het. Met die aankoms van die Bethlehemkommando aan die suidelike front vroeg in Desember 1899 het hulle verby die Pretoriadorpkommando getrek en in die verbygaan is hoede oor en weer in beleefde groot gelig en seënwense wedersyds gewissel. Aan goeie plaery op luide toon het dit nie ontbreek nie.⁸² Toe die Vrystaatse en Transvaalse kommando's aan die Natalse front op 26 Oktober 1899 noord van Ladysmith verenig, was die vreugde ook groot en was die moraal van die burgers besonder hoog. "Vroolijk mengde de zijstroom zich met de groote rivier!" spreek Nico Hofmeyr hom geesdriftig oor die aansluiting uit.⁸³

Aanvanklik het die Transvalers 'n leidende rol in die verhouding gespeel, 'n rol wat deur menige Vrystater volkome aanvaar is. Sommige Vrystaters het trouens in hierdie stadium 'n buitengewone bewondering vir hul broers van die susterrepubliek gekoester. Só byvoorbeeld het P.J. Kemp, 'n Vrystater van Viljoensdrift, ná die verbinding van die Vrystaatse en Transvaalse kommando's in Natal vol afwagting aan sy vrou geskryf: "Nu is de Vaalpenschen by ons en hulle zal nu de voorgangers wees."⁸⁴ Met die vereniging van die Transvaalse en Vrystaatse kommando's aan die wesfront op 18 Oktober 1899 het C.C.J. Badenhorst van die Boshofkommando 'n soortgelyke beoordeling van die verhouding gemaak: "Ach hoe klein gevoelden wij Vrystaters ons bij de Transvalers vergeleken tot wie wij opzagen als onzen meerderen. Wij achtten hen veel dapperder dan onszelven en met hen samen dachten wij zou alles wel goed moeten gaan. Zij waren immers de vechtersbazen! Zij zouden ons komen leeren hoe gevochten moest worden!"⁸⁵

Die aanvanklike bewondering van die Vrystaters vir hul broers noord van die Vaalrivier was kennelik nie by alle Transvalers 'n wederkerige gevoel nie. Volgens die waarneming van Sophia Izedinova het die Transvalers aan die begin 'n paternalistiese houding teenoor die Vrystaters ingeneem en op neerhalende toon gesinspeel dat daar nie op 'n Vrystater staatgemaak kan word nie.⁸⁶ Hierdie geringskatting is deur die aanvanklike militêre gebeure gevoed. Só was die Transvalers by monde van hul offisiere Cronjé en De la Rey en die burgers self, bitter ontevrede oor die Vrystaters se verlating van hul sleutelstellings onder genl. J. Prinsloo by die slag van Modderrivier op 28 November 1899 waardeur hulle die Transvalers

79. *De Volksstem*, 25.1.1900.

80. P.H. Kritzinger & R.D. McDonald, *In the shadow of death* (London, 1904), p. 42.

81. F. Rompel, p. 20.

82. A.G. Oberholster, 2.12.1899, p. 38.

83. N. Hofmeyr, *Zes maanden bij de commando's* ('s-Gravenhage, 1903), pp. 93-94.

84. Prellerversameling, 77, P.J. Kemp - Vrou, 30.10.1899, p. 784c.

85. C.C.J. Badenhorst, p. 7.

86. S. Izedinova, pp. 69-70.

in gevaar gestel het.⁸⁷ 'n Burger van die Lichtenburgkommando het nou rede gesoek om met die Vrystaters fout te vind. Hulle loop gedurig weg, het hy kort ná die slag van Modderivier aan sy vrou geskryf. Hy het sy verbasing uitgespreek dat daar soveel Engelssprekendes in die Vrystaat was en dat die personeel van die hospitaal op Jacobsdal geen woord Nederlands kon praat nie. Die Vrystaat is nog vol mense wat nie op kommando is nie, sodat die Transvalers regtig ontevrede is, het hy verwyf.⁸⁸ Dit het hom nie opgeval dat ook alle Transvalers toe nog nie kommandodiens gedoen het nie.

Steyn se reis na die wesfront vroeg in Desember 1899 om die samewerking tussen die Vrystaatse en Transvaalse offisiere te verbeter en die gebrek aan dissipline teen te werk, en die oorwinning by Magersfontein op 11 Desember 1899, het die betrekkinge ten goede beïnvloed.⁸⁹ Teen Februarie 1900 was dit egter weer besonder gespanne. Volgens F.D. Conradie van die Potchefstroomkommando het daar ernstige twis en dwarstrekery onder sekere Transvalers en Vrystaters ontstaan oor valse beskuldigings van Transvalers se lafhartigheid. In Conradie se teenwoordigheid het twee kommandante van die Vrystaat en Transvaal 'n hewige woordewisseling gehad. Daar was ook onenigheid oor die besit van gebuete beeste.⁹⁰ Só het die Vrystaters geleidelik hul groot bewondering vir die Transvalers verloor. Toe burgers van die Bloemfonteinkommando 'n afdeling Transvalers tydens 'n skermutseling op 16 Februarie 1900 moes gaan versterk, het Hugo van Niekerk hierdie houding op duidelik hoorbare wyse weerspieël met sy smalende opmerking dat hy altyd gehoor het die Transvalers is so dapper maar dat hy nou sien dat hulle agter die grootste klippe skuil.⁹¹

Die oorgawe van Cronjé, 'n Transvaalse offisier met 4 000 Vrystaters en Transvalers by Paardeberg op 27 Februarie 1900 het die betrekkinge tussen die burgers van die twee Republieke aan die wesfront verder versuur. 'n Oostenrykse vrywilliger, Franco Seiner, het 'n aantal terugtrekkende Transvalers teëgekom wat gesweer het dat hulle geen vinger meer vir die Vrystaters sal verroer nie omdat dié hulle met die verdediging van hul eie land in die steek gelaat het.⁹² Dit het nie by die klaers opgekom nie dat dit die oorgawe van 'n Transvaalse offisier was en dat hy deur sy optrede ook die verdediging van die ZAR kwesbaar gemaak het. Van 'n gemeenskaplike vryheidsideaal is daar nie gewag gemaak nie. Seiner beweer voorts dat die Transvalers daarvoor ontsteld was dat die Vrystaters met die oorgawe duisende Mausers in Britse hande laat val het, gewere wat deur die ZAR aan die Vrystaat gelewer was en veroorsaak het dat menige Transvaler met 'n Martini-Henry moes veg.⁹³ Genl. De Wet het in 'n toespraak voor die Transvalers die verskynsel betreur dat die Transvalers en Vrystaters mekaar oor en weer van lafhartigheid beskuldig. Hy het 'n beroep op beter betrekkinge tussen die burgers van die twee Republieke gedoen.⁹⁴

Met die finale terugval van die burgers aan die Transvaalse wesgrens in Mei 1900 het die onenigheid opnuut opgevlam. Volgens P.S. Lombard, Staatsartilleris van die ZAR, het die Vrystaters die Transvalers vir die oorlog verkwalik en gesê dat dit deur die Transvalers se toedoen was dat hulle nou hul land gaan verloor.⁹⁵ Ook tussen die Transvaalse en Vrystaatse kommando's wat in hierdie tyd besig was om van die verbrokkelde suidelike front deur die Oos-Vrystaat terug te val, het die gevoelens hoog geloop. Daar was gerugte onder die Trans-

87. J.H. Breytenbach, II, pp. 90-91; J.H. Meyer, p. 58.

88. A1379, A. de Wet-aanwins, A. de Wet - Vrou, 1.12.1899. Vgl. die brief van 27.11.1899 in A1379.

89. J.H. Breytenbach, *Geskiedenis*, II, pp. 92-93; J.H. Meyer, p. 58.

90. F.D. Conradie, *Met Cronjé aan die wesfront* (Kaapstad, 1943), pp. 100 en 102.

91. M.C.E. van Schoor, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk, Christiaan de Wet-Annale*, I (Bloemfontein, 1972), 16.2.1900, p. 21.

92. F. Seiner, *Ervaringen en herinneringen van een Boerenstrijder* (Doesburg, 1902), p. 119.

93. *Ibid.*, pp. 157-158.

94. *Ibid.*, p. 123.

95. P.S. Lombard, p. 48.

valers dat die Vrystaters hulle lafhartig gedra het deur hul posisies op te gee sonder dat daarvoor aanleiding was. Daarbenewens het die Transvalers gevoel dat daar wat voedsel en perdevoer betref vir die Vrystaters gesorg word en dat laasgenoemde nie bereid was om hul voorrade met hulle te deel nie.⁹⁶

Betrekkinge tussen die Vrystaatse en Transvaalse burgers het ná die Britse inname van Pretoria in Junie 1900 verbeter. Waar die Transvalers teen Februarie 1900 nie bereid was om die gesag van De Wet as Vrystater ten volle te aanvaar nie en verkies het om onder hul eie offisiere te veg,⁹⁷ het die situasie in die guerrillafase verbeter. 'n Lid van die Staatsartillerie van die ZAR, J.G. de Jager, het in November 1900 in sy dagboek met respek na die Vrystaatse generaal as "onze geachte Genl de Wet" verwys.⁹⁸ En in die Kaapkolonie het Transvalers en Vrystaters in die laaste jaar van die oorlog onder dieselfde offisiere en in dieselfde kommando's geveg.

Waarom sou dié positiewe verandering in die betrekkinge toegeskryf kan word? Ten eerste is dit duidelik dat daar wedersydse aanvaarding gekom het vanweë die bekwaamheid van leiers soos Steyn, De Wet, De la Rey, Louis Botha, Jan Smuts, Wynand Malan, en andere. Ten tweede wil dit voorkom asof sommige Transvalers hul meerderwaardigheid teenoor die Vrystaters laat vaar het nadat hulle deur die prysgawe van hul eie hoofstad besef het dat hulle deur dieselfde meul as die Vrystaters gegaan het. Voorts sou die meeste burgers wat in die guerrillafase steeds onder die wapen was, bittereinders word in 'n stryd vir 'n gemeenskaplike saak en het geografiese grense saam met hierdie gevoel verdwyn. Dit was ook belangrik dat die Vrystaters hulself, volgens die erkenning van C.C.J. Badenhorst,⁹⁹ met verloop van tyd minstens die gelyke van die Transvalers betoon en geag het. Sodoende het hulle geleidelik hul minderwaardigheidsgevoel afgeskud en die respek van die Transvalers verkry. Slegs onder hierdie omstandighede kon die betrekkinge tussen Transvaalse en Vrystaatse burgers op gesonde voet gehandhaaf word.

Ten slotte

Dit het geblyk hoe die verhoudinge tussen die burgers op kominando gekenmerk is deur 'n merkwaardige samehorigheid en kameraadskap – trouens, deur 'n broederskap van selfopoffering en diens. Maar aan die ander kant is dit ook gekenmerk deur verskille en uiteraard ook 'n drang tot selfbehoud wat in selfsug kon oorslaan. Dat daar verskille en ook ernstige verskille sou opduik, is logies. Dit kon immers nie anders nie waar soveel mense, dikwels met uiteenlopende geaardhede, van verskillende ouderdomme en uit verskillende stande, noodgedwonge in 'n stryd op lewe en dood saamgegroepeer was. Die parogialisme van Vrystaters en Transvalers ná 'n lang tradisie van relatiewe afsonderlikheid is ewe verstaanbaar. Tog het die lyding en ontbering van die oorlog en die gemeenskaplike toewyding aan hul vryheidstryd steeds weer alle verskille oorbrug en toe die bittereinders uiteindelik die wapen moes neerlê, het die bitterheid van die verlore stryd en onafhanklikheid alle harte saamgesnoer. Die meer as twee en 'n half jaar saam in die veld het blywende vriendskappe en bande gesmee en 'n groepsgees nagelaat wat hom ook in die vredestryd nog lank sou laat geld.

96. A1271, S. Begeman-aanwins, Dagboek van Begeman, 1(b), 3 en 8.5.1900; F. Seiner, p. 58.

97. F.D. Conradie, pp. 93 en 101.

98. A1048, J.G. de Jager-aanwins, Dagboek van De Jager, 1, 22.11.1900, p. 175.

99. C.C.J. Badenhorst, p. 7.